**"KOPSTUKKE"**
Uit **DRIE EENAKTES**
**Deur**
**JEANNE GOOSEN**

'n Man en 'n vrou lê elkeen op 'n enkelbed. Die man was 'n professor. Die vrou is benede sy stand en verteenwoordig 'n lid van die middelklas. Die egpaar is verlam weens 'n motorongeluk. Slegs hulle nekke en koppe kan beweeg.

**VROU:**

*[Vies en verontwaardig]* Liewe Here, tel jy noual my poepe? Het jy niks anders om te doen nie? *[Astrant]* Dalk poep ek vandag vyf en twintig keer en daar is niks wat jy of ek daaraan kan doen nie. Ek kan dit nie help nie. Dit glip vanself uit. Jy los net so winde 'n mens hoor dit net nie. *[Pouse]*

Het ek jou al daardie grap vertel? Dié een van die vrou wat dokter toe is omdat sy gedink het sy is verwagtend? Ewenwel, die dokter kyk toe na haar, voel hier en voel daar en sê toe, ag nee wat, Mevroutjie, dis seker maar net 'n wind. *[Lag]* So 'n klompie maande later loop die dokter die vrou in die straat raak met 'n pram. Hy lig toe die kombersie, kyk na die bybie en sê vir die vrou: En wat het ons hier? Nee, dokter, sê die vrou, ek weet nie. Dis seker maar 'n poep met 'n kêpsie. *[Vrou nou histeries soos sy lag]*

*[Vererg]* Jy's ook so blerrie droog. Seker bang jou gesig bly so staan as jy lag. Sies tog.

As jy stadiger gery het, was dit nie nodig nie. Maar nee, toe moes jy most jaag. As jy stadiger gery het, kon jy betyds uitgeswaai het. Maar jy wás roekeloos. En jy het nie 'n duiwel omgegee nie. Jy het gery asof die hel op jou staan. Ek kon dit aan jou gesig sien.

*[Sy begin sing]* Dis nie my skuld nie, dis nie jou skuld nie, dis die anderman se skuld wat ons oor stry.

*[Die strofe word driekeer herhaal. Elke keer vinniger as die vorige keer]*

Dis waar, my man. Ons kon dood gewees het. Ons het baie om voor dankbaar te wees. Sê nou net ons het breinskade opgedoen? Die genade het ons uitgespaar, nè?

Ek sou nie omgegee het as ek weer 'n slag kon spring nie. Lekker hoog met my voete dóér bokant die grond en my hare wat wip.

Voordat ek jou ontmoet het was ek gelukkig. As ek wou kon ek elke aand gaan dans het. Bioskoop toe gaan. Goeters gaan koop, swem, allerhande dinge doen. *[Pouse]* Vandat jy in my lewe gekom het het alles net so tjoef-tjaf verbygegaan, my hele bestaan. Dis jy wat die toutjies trek en ek moet spring. Ja, dit is wat ek was, jóú marionet.

En dit is wat ek nou nog is. As jy nie so was nie, kon ek geleer het om met my mond te skilder. Dit sal help om die dag om te kry. En dan het 'n mens tog 'n doel in die lewe. Dit is beter as om net die hele dag met jou te praat of om aanmekaar teen die mure vas te kyk, teen die plafon, na die venster. Ek ken noual elke ding in hierdie kamer, tot die vlieëmis teen die ruite.

Jy intimideer my. Ek het geen vryheid nie.

*[Sug]* Daar is nog mooi dinge in die lewe. *[Sy kyk verlangend na die rangskikking kosmos]* As ek met my mond kon leer skilder, sou ek nou hierdie kosmos geskilder het. *[Vertederend]* Kyk hoe mooi is hulle. Onthou jy ek het op ons troudag ook 'n kosmos ruiker gehad? Pienk en pers en wit... Dit was in Maart. Dit moet nou ook Maart wees. Dink jy dit is nou Maart?

Dit is vreeslik om so sonder doel in die lewe te wees. *[Pouse]*

Het ek jou al van my oupa vertel? Hy het mos Parkinson se siekte gehad. Jy weet, daardie siekte waar 'n mens so aanmekaar ruk. Nou ja, daai oupa van my was tot op die dag van sy dood van diens. Sies tog. Hy was al baie oud en bedlêend, kon skaars onderskei tussen dag en nag. Hy was heeltemal buite weste, hiérdeur. Maar soos ek gesê het, hy was tot op sy laaste dag funksioneel.

Nou, my ouma het toue aan sy polse en sy voete vasgebind. Sy het die toue deur die venster gelei. Nou, onder aan die punt van elke tou het sy 'n blikkie vasgebind. Sy het die blikkies volgemaak met klippies en toe het sy die blikkies gevat en in die vyeboom se takke opgehang.

Nou, elke keer as my oupa ruk - ek het jou mos gesê met Parkinson's ruk 'n mens so aanmekaar - nou ja, elke keer wanneer die oukêrel ruk, het die voëls uit die vyeboom opgevlieg.

Dis verskriklik. Ons ruk nie eens nie. *[Pouse]*

Ek het 'n niggie wat kan drome uitlê. Sy is heldersienend ook. Jy weet, sy het die Westdene-busramp voorspel. Sy help die polisie nou ook met die vermiste kinders. Sy kon jou drome uitgelê het, jou dalk gehelp het ook, as jy haar nie ook verdryf het nie. Nou sien jy self hoe jy is, nè? Weet jy my niggie het 'n gesig gehad oor ons ongeluk ook. Sy het kosmos in die veld sien wieg, sê sy. Toe sy dit wou pluk het dit verpoeier, daar in die veld in Delmas. Soos dit daar op die grond geval het, het dit die vorm van my lyf aangeneem. Sy het dadelik geweet dit het iets met my te doen en dat daar 'n vreeslike ding gaan gebeur. As jy haar nie weggejaag het nie kon sy ons gehelp het..

Partykeer maak ek my oë toe en dan kyk ek binne-in my oë na my drome - terwyl ek wakker is.

Jy is geleerd, maar dis nie al wat tel nie. Daar is dinge in die lewe waarvan jy níks weet nie. Hoe weet jy hoe ek voel? Byvoorbeeld mannie, ek het ook iets dieps in my, maar 'n mens leer nie daarvan in boeke nie. Gee jy ooit om wat ek voel?

Ja, jy kon stadiger gery het. Dis op jou gewete. Jy kon betyds uitgeswaai het. As jy 'n man was sou jy betyds gestop het. *[Nadruklik en afgemete]* En vir jou straf sal ek poep tot die dood ons skei. Ja. Tot die dood ons skei.

*[Sy begin sing]*

Dis nie my skuld nie
Dis nie jou skuld nie
Dis 'n ander man se skuld wat
Ons oor stry.

*[Sing hierdie reëls 'n hele paar keer]*

---ooOoo---

(Uitgewers: HAUM - Literêr)